

Presidentsrede by die nege-en-tagtigste algemene jaarvergadering van aandeelhouders

Inleiding

Die afgelope jaar is deur die skerpste wêreldwye ekonomiese afswaai sedert die 1930's gekenmerk. Ten tye van die vorige algemene jaarvergadering was die uitwerking van die krisis op finansiële markte reeds in sekere ekonomieë sigbaar. Op daardie tydstip was die volle omvang en diepte van die wêreldwye resessie egter nog nie duidelik nie. In reaksie op die afswaai het sentrale banke en regerings oor die wêreld heen ongekende en onkonvensionele stappe gedoen om hul bankstelsels en ekonomieë te beskerm. Suid-Afrika se goed gereguleerde bankstelsel was redelik afgeskerm van enige negatiewe gevolge. Die wêreldwye aard van die afswaai het egter beteken dat die binnelandse ekonomie nie skotvry daarvan afgekom het nie, en die gevolglike binnelandse resessie het toepaslike fiskale en monetêre beleidsoprede geverg.

Hierdie verwickelings het 'n nuwe uitdaging aan monetêre beleid gestel en die aandag opnuut op die kwessie van finansiële stabiliteit gevestig. Gepaste toesighouding oor en regulering van die binnelandse banksektor en betaalstelsel het 'n ordelike finansiële markomgewing verseker. Hoewel inflasie buite die mikpuntgebied was, is die monetêre-beleidstand aansienlik verslap, gegewe 'n verwagte verlangsaming in inflasie en die verswakkende ekonomie. 'n Mate van opwaartse voorspellingsrisiko vir inflasie het nietemin voorgekom, wat die monetêre beleidsreaksie ietwat aan bande gelê het. Terselfdertyd het die Suid-Afrikaanse Reserwebank (die Bank) ook op die handhawing en verbetering van sy interne bedrywighede gefokus.

'n Omvattende ekonomiese verslag wat in die Bank se *Jaarverslag* vir die finansiële jaar 2008/09 ingesluit is, gee 'n ontleding van ontwikkelings in die binnelandse en internasionale ekonomiese omgewing gedurende die oorsigjaar. Spesifieke aandag word aan daardie ontwikkelings gegee wat gevolge vir die Bank se bedrywighede gehad het. Soos normaalweg die geval is, fokus hierdie rede op die Bank se belangrikste bedrywighede.

Monetêre beleid

Gedurende die afgelope jaar is monetêre beleid deur nuwe uitdagings gekonfronteer. Vir die eerste keer sedert die aanvaarding van 'n inflasiemikpuntbestel vir monetêre beleid in 2000, moes monetêre beleid geïmplementeer word teen die agtergrond van 'n binnelandse resessie en 'n ernstige en gesinchroniseerde afswaai in die wêreldekonomie. Inflasie het terselfdertyd beduidend bokant die boonste mikpuntgrens gebly, en ten spyte van afwaartse druk, het mikpuntinflasie teen 'n baie stadige koers verlangsam.

Ten tye van die vorige algemene jaarvergadering was inflasie ook betekenisvol buite die mikpuntgebied. Inflasie soos gemeet aan die verbruikersprysindeks uitsluitend rentekoste op verbandlenings (VPIX) het in Augustus 2008 'n hoogtepunt van 13,6 persent bereik en in Desember tot 10,3 persent afgeneem. Met die publikasie in Februarie 2009 van die herweegde en herbaseerde inflasiemaatstaf, is die koers van verandering in die omvattende verbruikersprysindeks (VPI) vir alle stedelike gebiede as die nuwe maatstaf vir die inflasiemikpunt aanvaar, terwyl die mikpuntgebied op 3 tot 6 persent behou is. Die VPI-inflasiëkoers het in Januarie 2009 op 8,1 persent te staan gekom, maar het toegeneem tot 8,6 persent in Februarie en sedertdien geleidelik afgeneem. Teen Julie het

VPI-inflasie tot 6,7 persent afgeneem. Die tempo van afname is egter deur betekenisvolle toenames in sommige geadministreerde pryse, veral elektrisiteitspryse, en hardnekkig hoë voedselpryse gestrem.

As gevolg van die onstuimigheid op internasionale gebied was die vooruitsigte vir inflasie onderworpe aan groter risiko en onsekerheid as wat normaalweg die geval is, wat besluitneming oor monetêre beleid bemoelik het. Daarbenewens het risikosienings gedurende die loop van die jaar betekenisvol verander in samehang met 'n omgeswaai in die verloop van 'n aantal faktore wat inflasie beïnvloed.

Die internasionale olieprys was gedurende 2008 een van die hoofbronne van opwaartse voorspellingsrisiko vir inflasievoorsigte. Die prys van Brent-ruolie uit die Noordsee het egter weens die wêreldwye afswaai van nagenoeg VSA\$146 per vat in Augustus 2008 tot nagenoeg VSA\$34 in Desember afgeneem. Binnelandse petrolpryse het eweneens van R10,70 per liter in Julie 2008 tot R6,01 per liter in Januarie 2009 afgeneem. Namate wêreldwye groeivoorsigte egter verbeter het, het die olieprys onlangs tot sowat VSA\$70 per vat toegeneem. Die binnelandse petrolprys is egter deels as gevolg van wisselkoersontwikkelings steeds laer as die vlakke wat in 2008 gehandhaaf is, wat tot afwaartse druk op inflasie in die jaar tot datum bygedra het.

Die verloop van die wisselkoers van die rand gedurende die afgelope jaar het die onstuimige internasionale omgewing weerspieël. In die vroeë stadiums van die ontvouende krisis het die rand, soos die geldeenhede van die meeste ander ontluikende markeconomieë, onder druk verkeer. In November 2008 het die rand tot nagenoeg R11,85 teen die VSA-dollar verswak en ten tye van die Desember-vergadering van die Monetêrebeleidskomitee (MBK) is die wisselkoers as die grootste enkele opwaartse voorspellingsrisiko vir inflasievoorsigte geïdentifiseer. Namate risikovermyding deur internasionale beleggers egter afgeneem het, het die rand in die daaropvolgende maande ietwat verstewig sodat die risiko vir inflasievoorsigte uit hierdie oord betekenisvol afgeneem het. Die rand het onlangs verstewig tot vlakke wat in die eerste helfte van 2008 geheers het.

Internasionale ontwikkelings het ook inflasierisiko's help verminder. Die samevallende aard van die wêreldwye resessie en laer grondstofpryse in die algemeen het die inflasiebedreiging in die wêreld aansienlik laat afneem. Ten spyte van kommer oor die moontlike inflasionêre gevolge van die akkomoderende monetêrebeleidstand in 'n aantal ontwikkelde ekonomieë, sal wêreldinflasie na verwagting op lae vlakke in toom gehou word.

Die verbreding van die binnelandse uitsetgaping gedurende die afgelope tydperk het ook die inflasievoorspellingsrisiko's na die onderkant vergroot. Na etlike jare van groei in die ekonomie teen nagenoeg 5 persent, het die groeikoers tot onder potensiaal verlangsaam. Die ekonomie het in die derde kwartaal van 2008 teen 'n jaarkoers van 0,2 persent gegroei, maar die volle uitwerking van die verlangsaaming in die wêreld ekonomie op die binnelandse ekonomie het in daaropvolgende kwartale duideliker geword. In die laaste kwartaal van 2008 is 'n inkrimping van 1,8 persent aangeteken. In die eerste twee kwartale van 2009 is negatiewe groei teen jaarkoerse van onderskeidelik 6,4 persent en 3,0 persent aangeteken.

Finale verbruiksbesteding deur huishoudings het sedert die derde kwartaal van 2008 afgeneem. Die swakker binnelandse vraag was 'n gevolg van dalende reële beskikbare inkome en werkverskaffing, en negatiewe rykdomseffekte as gevolg van betekenisvolle afnames in aandele- en huispryse. Die inkrimping in verbruiksbesteding is vererger deur

'n betekenisvolle verlansaming in die groei in kredietverlening aan die private sektor. Dit was die gevolg van sowel die laer vraag na as die beperkte aanbod van krediet namate banke strenger leningsvoorwaardes in die lig van die toenemende aantal verswakke lenings toegepas het.

Ten spyte van hierdie faktore wat hoofsaaklik bygedra het tot 'n verlansaming in die inflasiekoers, was daar ander druk en voorspellingsrisiko's na die bokant. Geadministreerde pryse het opwaartse druk op inflasie bly uitoefen. Die grootste druk kan toegeskryf word aan 'n elektrisiteitsprysverhoging van 27,5 persent wat in 2008 aan Eskom toegestaan is, en gevolg is deur 'n verdere verhoging van 31,3 persent wat in Junie 2009 aangekondig is. Loonskikkings bokant inflasie het inflasievoorsigte verder vertroebel. Hierdie skikkings is in 'n mate deur verslegtende inflasieverwagtings beïnvloed.

Voedselprysinflasie het oor die afgelope jaar die vernaamste bydrae tot omvattende inflasie gemaak, ten spyte van betekenisvolle dalings in die pryse van landboukommoditeite wat deurgespoel het na die produsentepryse van landbouprodukte sowel as vervaardigde voedsel. Voedselprysinflasie op verbruikersprysvlak het nietemin hardnekkig hoog gebly. Daar was egter onlangs aanduidings van 'n wesenlike verlansaming in voedselprysinflasie.

In antwoord op die afwaartse neiging in werklike en voorspelde inflasie is die monetêrebeleidstand sedert Desember 2008 verslap deur die terugkoopkoers stelselmatig met altesaam 50 basispunte te verlaag. Die terugkoopkoers is in Desember 2008 met 50 basispunte verlaag, en met 'n verdere 100 basispunte by elk van die vier daaropvolgende MBK-vergaderings. Die monetêrebeleidstand het by die vergadering in Junie 2009 onveranderd gebly, maar by die Augustus-vergadering is die terugkoopkoers met 'n verdere 50 basispunte verlaag aangesien die komitee geoordeel het dat voorspellingsrisiko's verder na die onderkant verskuif het.

Monetêre beleid is verslap ten spyte van die feit dat inflasie steeds die mikpuntgebied oorskry het. In 'n toekomsgerigte monetêrebeleidsbestel is die MBK egter op die verwagte verloop van inflasie toegespits. Hoewel dit aan 'n hoë mate van wisselvalligheid en onsekerheid onderworpe is, het die inflasievoorspelling die afgelope tyd deurlopend aangedui dat inflasie binne 'n redelike tydsbestek tot in die inflasie-mikpuntgebied sal terugkeer. Die MBK het volgehou met die toepassing van monetêre beleid binne 'n buigsame inflasie-mikpuntbestel, met inagneming van die ekonomiese afswaai. Prysstabiliteit bly egter die grondliggende oogmerk van monetêre beleid en die Bank bly daartoe verbind om inflasie binne 'n redelike tydsbestek na die mikpuntgebied terug te bring.

Bedrywighede in die geldmark

In reaksie op die gevolge van die wêreldwye krisis in finansiële markte, het etlike sentrale banke groot hoeveelhede likiditeit in hul finansiële markte geplaas. Die binnelandse markte is egter steeds gekenmerk deur oortollige likiditeit. Dit was dus nie nodig om bykomende likiditeit aan plaaslike banke te voorsien nie. Die Bank het Reserwebank-skuldbriewe uitgereik en omgekeerde terugkoop-ooreenkomste aangegaan ten einde oortollige likiditeit uit die markte te dreineer. Likiditeit is ook uit die geldmark gedreineer deur toenames in die deposito's van banke en die openbare sektor by die Bank, asook deur toenames in die waarde van note en munte in omloop. Gedurende die jaar tot einde Augustus 2009 was hierdie faktore gesamentlik verantwoordelik vir die dreinerings van ongeveer R6,9 miljard uit die geldmark. Die oortollige likiditeit hou deels verband met die toename in buitelandsevaluta-reserwes oor die afgelope paar jaar.

Buitelandsevalutareserwes

Die tempo waarteen die Bank buitelandsevalutareserwes opgebou het, het aansienlik verlangsaam as gevolg van die onstuimigheid in internasionale finansiële markte. Aan die einde van Augustus 2009 het die amptelike bruto goud- en buitelandsevalutareserwes VSA\$38,0 miljard beloop en die internasionale likiditeitsposisie VSA\$36,9 miljard. Die Bank sal voortgaan met die strategie om reserwes op te bou wanneer marktoestande gunstig is. Daar word egter verwag dat verdere opbou van reserwes aan bande gelê sal word deur die wisselvalligheid in buitelandsevalutamarkte, die vlak van wêreldwye risikovermyding en die koste van likiditeitsdreinerings.

Die bestuur van buitelandsevalutareserwes bied aansienlike uitdagings, veral in die huidige onsekere wêreldwye finansiële marktoestande. Kapitaalbehoud is een van die grondbeginsels van die Bank se reserwebestuursbeleid. Gevolglik is verskeie maatreëls ingestel om Suid-Afrika se reserwes teen markonbestendigheid en -wisselvalligheid te beskerm. Dienooreenkomstig is teenpartyrisiko's, blootstelling aan sekere bateklasse en die algehele looptyd van reserweportefeuljes verminder en die Bank se konserwatiewe beleggingsriglyne verder verskerp. Die ondergang van veral Lehman Brothers het egter gelei tot kredietafgraderings van finansiële instellings en beleggingsinstrumente. Dit het merk-tot-mark-aansuiwerings of ongerealiseerde verliese in die waarde van sommige instrumente op die Bank se balansstaat tot gevolg gehad.

Die eksterne fondsbestuurprogram is gedurende die oorsigjaar omvattend hersien. Die mandaat van drie huidige fondsbestuurders sal herna word en drie nuwe fondsbestuurders sal in September 2009 aangestel word, wat die totale aantal eksterne fondsbestuurders op ses te staan sal bring.

Verspreiding van betaalmiddele

Die vervalsing van note en munte bly steeds 'n risiko vir die Bank en die ekonomie van die land. Maatreëls om vervalsing hok te slaan en die integriteit van geld in omloop te verseker, word deurlopend ingestel. Die Bank het 'n proses van stapel gestuur om 'n nuwe reeks banknote en munte met nuwe temas en verbeterde sekerheidseienskappe bekend te stel. Die Bank beplan om die nuwe geldreeks teen die middel van 2013 in omloop te plaas.

Nasionale betaalstelsel

Die Bank het, in samewerking met die vereffeningbanke, gefokus op die ontwikkeling en vestiging van 'n inligtingsdatabasis oor die nasionale betaalstelsel en 'n evaluering van die intydse bruto vereffeningstelsel (RTGS) se netwerk-infrastruktuur en verwante toepassings. Hierdie evaluering het getoon dat die Suid-Afrikaanse Veelvuldigekeuse-vereffeningstelsel (SAMOS) van wêreldstandaard is. Potensiële verbeterings aan die SAMOS-infrastruktuur en -toepassings word, in samewerking met belanghebbende partye, in die loop van die jaar voorsien.

Die volume en waarde van betalings het tydens die wisselvalligheid in finansiële markte gedurende September en Oktober 2008 wesenlik toegeneem. Nogtans het die bedryf en likiditeitsvoorsiening van die vereffeningstelsel en die verwante deurlopend geskakelde vereffeningstelsel (CLS) vir buitelandse betaalmiddele goed en sonder onderbrekings presteer. Gedurende Oktober 2008 het die SAMOS-stelsel 'n rekord-waarde van R8 500 miljard vereffen.

Die Bank het sy rol as deel van die CLS-oorsiggroep onder voorsitterskap van die Federale Reserwebank van New York voortgesit. Gedurende die jaar het die Bank en ander deelnemende sentrale banke 'n CLS-oorsigooreenkoms onderteken. Die CLS-oorsigreëlings en -prosesse is weens die krisis in finansiële markte, veral in September en Oktober 2008, deeglik en suksesvol getoets.

Finansiële bestendigheid

Finansiële bestendigheid is van die allergrootste belang vir sentrale banke. Namate die wêreldwye finansiële krisis ontvou het, is hernieude aandag aan beleidsoptrede ter ondersteuning van finansiële bestendigheid gewy. Sommige sentrale banke het gereageer deur meer uitdruklike en breër mandate vir finansiële bestendigheid te aanvaar. Die krisis het ook gewys hoe noodsaaklik dit is om makro-omsigtighedsontledings van die finansiële stelsel as geheel te doen, ten einde sistemiese risiko's te identifiseer en te versag. Die Bank poog voortdurend om onderliggende gebreke in die finansiële stelsel te identifiseer en monitor risiko's wat verstourings in die finansiële stelsel kan veroorsaak.

Suid-Afrikaanse finansiële instellings en markte het die ergste regstreekse gevolge van die wêreldwye finansiële krisis vrygespring, onder andere weens hul beperkte blootstelling aan riskante buitelandse bates en laste. In die binnelandse finansiële infrastruktuur en reguleringsomgewing sal nuwe wetgewing ter bevordering van mededinging, verbruikersbeskerming en korporatiewe beheer bydra tot die veerkragtigheid van die finansiële stelsel.

Bankregulering en -toesighouding

As deel van die Bank se taak as banktoesighouer, is voortdurend gefokus op die bevordering van 'n kerngesonde plaaslike bankstelsel deur die doeltreffende en doelmatige aanwending van internasionale regulering- en toesighoudingstandaarde. Die inwerkingstelling van Basel II op 1 Januarie 2008 en die navolging van die Basel-komitee oor Banktoesighouding se kernbeginsels vir doeltreffende banktoesighouding, bly hoekstene van die Bank se regulerings- en toesighoudingsraamwerk.

Die Bank het gedurende 2008 en 2009 voortgegaan om sy Basel II-hersiene benadering tot regulering en toesighouding te verfyn. Daar is onder meer aandag gegee aan banke se interne prosesse waarvolgens hulle hul kapitaaltoereikendheid beoordeel; die tematiese hersiening van krediet-, mark- en operasionele risiko; en die verwerking van banke se versoeke om die gevorderde benaderings te gebruik om hul minimum kapitaalvereistes vir krediet- en operasionele risiko te bereken. In ooreenstemming met internasionale ontwikkelings het die Bank gesprekke met die banksektor voortgesit oor die vestiging van raamwerke vir spanningsdruktoetse. Boonop het die Bank interne kundigheid oor spanningsdruktoetse verder uitgebrei en metodes ontwikkel om die banke se raamwerke vir spanningsdruktoetse doeltreffend te monitor.

Die sekondêre uitwerking van die onstuimigheid in internasionale finansiële markte, tesame met sikliese ekonomiese verwickelinge in Suid-Afrika, het die bedryfsklimaat van die banksektor in 2008 en die eerste helfte van 2009 vertroebel, met 'n betekenisvolle afname in die groei koers van lenings en voorskotte. Verder bly verbruikers se toenemende skuld las steeds duidelik uit die opmerklike toename in verswakte voorskotte en toenemende kredietverswakings, met dienooreenkomstige negatiewe gevolge vir die verdienste van banke. Die Suid-Afrikaanse bankstelsel bly nietemin bestendig, en die banke toereikend gekapitaliseer.

In reaksie op die onstuimigheid in internasionale finansiële markte het die Bank 'n onafhanklike ondersoek aangevra na alle versekureringskemas waarby banke betrokke is, ten einde vas te stel of sulke skemas omsigtig bestuur word. Hoewel geen wesenlike vraagstukke geïdentifiseer is nie, sal die aanbevelings van die finale verslag as grondslag dien vir verdere oorleg met die banksektor en moontlike toekomstige wets- en/of regulasiewysigings.

Internasionale samewerking

Die Bank fokus steeds op streeks- en vastelandwye programme wat streeksintegrasie bevorder. Die Bank is gasheer vir die Komitee van Sentralebankpresidente (KSBP) in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se sekretariaat en ondersteun die inwerkingstelling van KSBP-projekte. Die Finansierings- en Investeringsprotokol van die SAOG is in 2008 deur die Suid-Afrikaanse Parlement bekragtig en die onderskeie komitees se werksaamhede het 'n aanvang geneem. Dit is noemenswaardig dat die samestelling van die voorgestelde modelwetgewing vir sentrale banke in die SAOG voltooi is. Dit sal die weg baan vir die versoening van die wetlike en reguleringsraamwerke van sentrale banke in die SAOG.

Die Bank vervul 'n leidende rol in die SAOG-lande se betaalstelselprojek. Die afgelope jaar is gefokus op die doeltreffendheid van die elektroniese vereffeningstelsels en die insameling van betaalstelselstatistiek. Voorts word gefokus op die koppeling van betaalstelsels en die doelmatigheid van geldversendingstelsels in die streek.

Die Bank het aan verskeie inisiatiewe deelgeneem om finansiële stelsels binne die SAOG-streek te versterk. In samewerking met internasionale opleidingsinstellings was die Bank die gasheer of organiseerder van 'n aantal streekswerkwinkels en konferensies vir sentrale banke in die SAOG. Hierdie instellings het die Internasionale Monetêre Fonds se opleidingsinstituut, die Bank vir Internasionale Vereffeninge (BIS) en die Toronto-sentrum ingesluit.

Deelname aan multilaterale forums soos die Groep van 20 (G-20) en die Raad vir finansiële bestendigheid het weens die wêreldwye finansiële en ekonomiese krisis toegeneem. As aktiewe lid van die G-20 het Suid-Afrika bygedra tot die formulering van 'n gekoördineerde reaksie op die wêreldwye finansiële krisis. Die Bank gaan voort om goeie verhoudings met die BIS te handhaaf, en neem deel aan 'n aantal BIS-komitees en forums, wat die Basel-komitee oor banktoesighouding insluit.

Interne administrasie

Die Bank se *Jaarverslag* vir 2008/09 is voor hierdie vergadering aan aandeelhouders gestuur. Die Bank se totale bates het van R300 miljard aan die einde van Maart 2008 tot R344 miljard aan die einde van Maart 2009 gegroei. Die Bank was nie onaangeraak deur die onstuimigheid in die wêreld se finansiële markte nie. Lae opbrengste op prima-beleggings en die ineenstorting van pryse van talle verhandelde finansiële instrumente het 'n afname in die netto inkomste na belasting van R2,5 miljard in die vorige finansiële jaar tot R0,9 miljard in die 2008/09 finansiële jaar tot gevolg gehad.

Daar is begroot dat operasionele besteding in die huidige finansiële jaar met 22 persent sal toeneem. Hierdie toename is te wyte aan 'n toename van 42 persent in die produksiekoste van note en munte; voorraadopbouing van note en munte vir die 2010

FIFA-wêreldbekertoernooi; die lewering van note en munte wat in die vorige finansiële jaar bestel is; en groot instandhoudings- en opknappingswerk aan Bankeiendomme.

Die Bank se vier filiaalmaatskappye, naamlik die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy, die Suid-Afrikaanse Banknootmaatskappy, die Suid-Afrikaanse Reserwebank se inhuiseversekeringsmaatskappy en die Korporasie vir Openbare Deposito's, het gedurende die finansiële jaar hul doelwitte bereik. Na oorweging van verslae vanaf hul onderskeie direksies en interne en eksterne ouditeure, is die Bank tevrede dat die filiale steeds bestuur word in ooreenstemming met hul doelwitte en beste gebruike vir korporatiewe bestuur. Die finansiële resultate van die filiale word op 'n gekonsolideerde grondslag saam met dié van die Bank in die *Jaarverslag 2008/09* weergegee.

Die Bank se aandele word steeds deur middel van 'n oor-die-toonbank-fasiliteit verhandel. Gedurende die 2008/09 finansiële jaar is 40 transaksies beklank wat 57 980 aandele verteenwoordig.

Gedurende die jaar het die Bank se permanente werknemers met 34 toegeneem en aan die einde van die finansiële jaar op 1 930 te staan gekom. Die personeelomset gedurende hierdie tydperk was 6,2 persent wat effens laer as in die vorige jaar is. Wat billike indiensneming betref, het die persentasie swart werknemers met 2 persentasiepunte tot 60 persent toegeneem, vergeleke met 'n doelwit van 50 persent vir 2009. Op bestuursvlak is ook 'n verbetering van 2 persentasiepunte aangeteken. Hoewel die Bank vordering gemaak het op die gebied van geslagsverteenvoording, bly groter verteenvoording van vroue op meer senior vlakke vir die Bank 'n prioriteit.

Die Bank het wyd oor billike indiensneming gekonsulteer, wat gelei het tot die inwerkingstelling van 'n program om personeel in te lig oor en sensitief te maak vir gestremde saangeleenthede. Die Bank het 'n stawingsproses voltooi waarin werknemers die geleentheid gebied is om vrywilliglik enige gestremdhede bekend te maak.

Prestasiebestuursprobleme is voorheen as die enigste oorblywende struikelblok vir billike indiensneming geïdentifiseer. 'n Taakspan het die Bank se prestasiebestuurstelsel ondersoek en voorstelle ter verbetering daarvan voorgelê. Die hersiene stelsel word tans in werking gestel.

As deel van die Bank se MIV/Vigs-program, is bykans 70 werknemers opgelei om as eweknie-beraders op te tree. Die program is 'n deurlopende inisiatief en die volgende fase behels vrywillige berading en toetsing.

Die Bank beskou opleiding en ontwikkeling steeds as van uiterste belang. Gedurende die oorsigjaar het die Bank R2,4 miljoen in die vorm van voorgeskrewe terugbetalings ontvang aangesien aan die verslagdoeningsvoorskrifte van die wet op die ontwikkeling van vaardighede (Wet no 97 van 1998) voldoen is. Sewe studente het leerprogramme voltooi en almal is in permanente poste in die Bank aangestel. Die Bank het ook 'n nuwe beleid vir eksterne beurse goedgekeur en 25 tweedejaar-universiteitstudente het finansiële hulp ontvang.

Benewens die algemene programme in sentrale bankwese wat aangebied word, was die Bank organiseerder en gasheer vir 'n aantal gespesialiseerde kursusse en seminare. Onderwerpe het ingesluit die vloei van fondse, gevorderde ekonometrie en berekeningsmetodes, finansiële stabiliteit, en die bestuur van betaalmiddele.

Die Bank streef daarna om 'n navorsingskultuur in die Bank te bevorder en 'n aantal gesamentlike projekte is onder die vaandel van die program vir besoekende senior navorsers voltooi. In Oktober 2008 het die Bank weer sy tweejaarlikse konferensie aangebied met die tema uitdagings vir monetêre beleidmakers in ontlukende markte (Challenges for Monetary Policy-makers in Emerging Markets). Die konferensieverrigtinge is in 'n boek en ook op die Bank se webwerf gepubliseer.

Die Bank het begin met 'n geïntegreerde werkkragplan ten einde te verseker dat werknemers toepaslike vaardighede het. Die plan sal die voortsetting van vaardighede verseker, asook die doeltreffende oordrag van intellektuele kennis wat noodsaaklik is vir die werksaamhede van die Bank.

Aangesien enkele van die Bank se takgeboue historiese status het en hul integriteit behoue moet bly, skep enige verbeterings van bestaande stelsels besondere uitdagings. Dit geld vir die hantering van kontant, doelmatige energieverbruik, die voorsiening van ononderbroke kragtoevoer, brandbeveiligingstelsels en toegang vir diegene met fisiese gestremdhede. Die meeste van die beplande opgraderings, aanbouings of veranderings by takke is óf voltooi, tans onder konstruksie, óf naby daaraan, hangende suksesvolle voltooiing van beplannings- en tenderprosesse. Die nuwe Bloemfontein-takgebou word tans ontwerp. Die bestaande brandverklikkings- en ontruimingskommunikasiestelsels in Hoofkantoor en in die Durban-tak word vervang om ten volle aan die gesondheids- en veiligheidsregulasies te voldoen.

Laastens het die Bank goeie vordering gemaak met die implementering van die nuwe ondernemingshulpbronbeplanningstelsel wat na verwagting die doelmatigheid van interne prosesse sal verbeter. Hierdie stelsel sal die data en prosesse van verskeie besigheidseenhede integreer, en behoort talle voordele te bied, waaronder die inlywing van aanvaarde beste gebruike en die uitfasering van meer as 20 bestaande stelsels wat moeilik is om in stand te hou. Die nuwe stelsel behoort voor die einde van 2009 ten volle in werking te wees.

Slot

Hoewel die ergste van die wêreldwye afswaai blykbaar verby is, sal die herstel na verwagting langsaam en uitgerek wees. Die binnelandse ekonomie lyk gereed om in die komende maande matig te herstel, en binnelandse inflasie sal na verwagting meer bevredigend verloop as gevolg van afwaartse druk weens swak binnelandse vraag en laer grondstofpryse. Die tempo van afname word egter gestrem deur hoë en volgehoue geadministreerde prysverhogings en loonskikkings bokant inflasie. Die Bank sal bly streef na prysstabiliteit te midde van 'n buigsame inflasiemikpuntbestel in belang van volhoubare ekonomiese groei.

Die onlangse wêreldwye finansiële onstuimigheid het die noodsaaklikheid benadruk dat die Bank tot finansiële bestendigheid verbind moet bly. Dit sluit in monitering van en toesighouding oor die nasionale betaalstelsel, die finansiële markte en die bankstelsel, soos toepaslik. Die binnelandse finansiële markte het redelik skotvry aan die wêreldwye bankkrisis ontkom. Kredietverswakkinge neem egter toe en bedreig die winsgewendheid van banke. Hierdie neigings sal noukeurig dopgehou word.

Die Bank sal bly fokus op die ontwikkeling van personeel en sal maatreëls tref om personeel te behou en hul moraal deur middel van meer gepaste prestasiebestuur te verbeter. Klem sal ook daarop geplaas word om die doelmatigheid van interne prosesse in die Bank te

verbeter, en die nuwe ondernemingshulpbronbeplanningstelsel sal na verwagting bydra om hierdie doel te bereik.

Dankbetuigings

Ek bedank graag die Presidensie, die Regering en die Parlement vir hul voortgesette ondersteuning. Deur die stelsel van bilaterale komitees het die Bank 'n goeie werksverhouding met die Nasionale Tesourie gehandhaaf. Hierbenewens wil ek die huidige en vorige Ministers en Adjunkministers van Finansies asook die Direkteur-Generaal en personeel van die Nasionale Tesourie vir hul voortgesette ondersteuning en samewerking die afgelope jaar bedank.

Ek is ook opregte dank verskuldig aan raadslede vir hul werk om toepaslike korporatiewe beheer in die Bank en die gladde verloop van die Bank se werksaamhede te verseker. Sedert sy aanstelling as Visepresident dien mnr Daniel Mminele op die Raad van die Bank, en ek wil hierdie geleentheid gebruik om hom geluk te wens met sy aanstelling.

Hierdie is die laaste algemene jaarvergadering van aandeelhouders wat ek toespreek. Ek bedank graag die Presidensie vir die geleentheid om die land as President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank te kon dien. Dit was 'n eer en 'n voorreg. Ek kan met trots terugkyk na dit wat die Bank oor die afgelope tien jaar bereik het. Hiervoor wil ek my opregte dank betuig teenoor die visepresidente, bestuur en personeel van die Bank vir hul professionele werk, ondersteuning en toewyding wat bygedra het tot die bereiking van die onderskeie doelwitte van die Bank oor die afgelope tien jaar. My gelukwense gaan ook aan me Gill Marcus met haar aanstelling as my opvolger. Me Marcus is vertrouwd met die Bank en die finansiële sektor en ek weet dat ek die Bank in uiters bekwame hande laat. My beste wense vergesel me Marcus, die visepresidente en die personeel van die Bank met hul taak om toekomstige uitdagings die hoof te bied.